# Lucas Meyer Primêre Skool

WERK EN GROEI

8 April 2026

**OMSENDBRIEF: OSB 05/2026**

Geagte Ouers/Voogde

**WELKOM TERUG**

Welkom terug met die aanvang van die tweede kwartaal. Ons hoop dat almal 'n heerlike en welverdiende vakansie gehad het en dat ons leerders uitgerus en gereed is vir die kwartaal wat voorlê. Dit beloof om 'n besige kwartaal te wees met beide akademiese en sportaktiwiteite. Ons sien uit na 'n produktiewe en suksesvolle kwartaal saam met ons leerders en ouers.

**SKOOLFONDS**

Ons wil ook graag ouers vriendelik herinner om hul skoolfonds op datum te hou. Neem asseblief kennis dat, volgens die besluit wat tydens verlede jaar se Algemene Jaarvergadering geneem is, alle uitstaande skoolfondsrekeninge teen einde Junie hersien sal word. Indien u rekening teen die einde van Junie meer as een maand agterstallig is, sal dit aan die skool se prokureur oorhandig word vir invordering.

**KWARTAALPROGRAM**

Die kwartaalprogram vir kwartaal twee is Maandag, 6 April 2026, op WhatsApp-groep geplaas. Neem kennis dat daar aktiwiteite op kort kennisgewing op die program kan verander.

**OUERAAND**

Neem kennis dat oueraand Maandag, 13 April 2026, om 17:00 – 19:00 sal plaasvind. Ouers is welkom om die onderwysers te kom spreek in verband met die eerste kwartaal se punte.

**LMS SPORTDRAG**

Neem kennis dat bestellings vir die nuwe sportdrag vanaf 13 April 2026 tot 22 April 2026, Maandag tot Woensdag, geplaas kan word. Die kantoor sal gedurende hierdie tydperk tot 17:00 oop wees, behalwe Vrydag, om ouers te akkommodeer wat bestellings wil plaas.

Die pryse van die items beloop as volg:

- Broek – R290
- Hemp – R280 (7 – 11); R310 (XS – L); R330 (XL – 2XL)
- Ondersteuningshemde vir ouers – R330

Vriendelike groete

P.J. AUCAMP
HOOF

90
2020

**Tel:** (034) 981 5006/ 981 5054 | **Faks:** (034) 983 2127 | **E-pos:** skool@lucasmeyer.co.za
Posbus 99 Vryheid 3100 | **Webblad:** www.lucasmeyer.co.za